



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

RIGLYNE VIR GRAAD 12 PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

2009

Hierdie riglyne bestaan uit 11 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding	2
Die Praktiese Assesseringtaak vir Landboubestuurspraktyk	
2. Voorbeelde vir opvoeders	4
Bestuursaspekte	
Assessering: Bestuursaspekte-rubriek	5
Praktiese Aspekte	6
Assessering: Praktiese Aspekte	

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR LANDBOUBESTUURSPRAKTYK

Inleiding

Die sewentien Nasionale Kurrikulumverklaringsvakke wat almal 'n praktiese komponent bevat, sluit 'n PAT, d.w.s. 'n Praktiese Assesseringstaak, in. Hierdie vakke is:


- LANDBOU: Landboubestuurspraktyk, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudie, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- MSW: Lewensoriëntering
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie

Die PAT gee die opvoeder die geleentheid om direk en sistematies toegepaste vaardighede waar te neem. Die PAT bestaan uit die toepassing/uitvoer van die kennis, vaardighede en waardes eiesoortig aan die vak en tel 25% (d.i. 100 punte) van die totale promosie-/sertifiseringspunt uit 400 vir die vak. In die twee Kunsvakke, Ontwerp en Visuele Kunste, tel die PAT 37,5% (d.i. 150 punte) van die totale promosie-/sertifiseringspunt uit 400 vir die bepaalde vak.

Die PAT word gedurende die vier kwartale van die skooljaar geïmplementeer en moet onderneem word as een uitgebreide opdrag wat opgebreek word in verskillende fases of reekse kleiner aktiwiteite wat die PAT uitmaak. Die beplanning en uitvoering van PAT verskil van vak tot vak.

Die Praktiese Assesseringstaak vir Landboubestuurpraktyk

Die Praktiese Assesseringstaak bestaan uit bestuursaspekte in 'n landbouvertakking se spesifieke produksieproses, soos gerig deur die navorsingstaak in die skoolgebaseerde assessering (SBA).



Die bestuursaspekte sluit 'n reeks praktiese aktiwiteite in. Hierdie take behoort voltooï te word gedurende al vier kwartale van die graad, behalwe in die geval van Graad 12 waar dit tydens die eerste drie kwartale voltooï moet word. Take moet bestaan uit werklike situasies bv. die melk van koeie, kunsmatige inseminasie, inokulasie, voeding en versorging, kastrasie, onthooring, ens. Leerders moet vertrou wees met die assesseringskriteria voordat enige taak uitgevoer word.

Die praktiese assesseringstaak vir Graad 12 word intern opgestel, intern geassesseer en ekstern gemodereer. Die PAT word intern opgestel as gevolg van die verskillende landbouvertakkinge wat in die Suid-Afrikaanse Landbouskole voorkom. Die PAT moet voltooï word onder beheerde omstandighede.

Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) tel 25% van die totale promosiepunte waartydens ontwikkeling en toepassing van landboubestuurvaardighede moet plaasvind. Punte-toedeling is 100 punte en bestaan uit daaglikse praktiese aktiwiteite (50 punte) en spesifieke praktiese aktiwiteite (50 punte). Die praktiese assesseringstaak fokus dus op sowel die bestuurvaardighede as die ontwikkeling en toepassing van vaardighede in die produksieproses in 'n bedryfsverwante konteks.

Finale Punt

Die finale punt van die PAT is gekoppel aan die volgende domeine:

Bestuursaspekte (Affektiewe domein)	50
Praktiese aktiwiteite (Psigomotoriese domein en kognitiewe domein)	50

TOTAAL	100
--------	------------

Die Navorsingstaak

Inligting wat benodig word vir die navorsingstaak in die landbouvertakking behels die volgende en behoort in die volgende volgorde ingedien te word:

1. Die verskillende prosesse betrokke by uitvoering van die onderskeie praktiese aktiwiteite, bv. voeding, brandmerk, inokulasie, klassifisering en versorging van diere. Die leerder moet ook sketse en diagramme indien van alle praktiese aktiwiteite wat uitgevoer is. Die apparaat wat gebruik word in die verskillende prosesse moet genoem word.
2. Die veiligheids- en omgewingsaspekte moet in ag geneem word, byvoorbeeld hoe om afvalstowwe te verwyder en besoedeling te voorkom.
3. Uitdagings en suksesse
4. In die Produksieprogram moet die nodige bestuursaspekte van die betrokke landbouvertakking in 'n georganiseerde tydslyn weergegee word. Ondersteunende dokumente, bv. 'n lewensvatbaarheidstudie moet aangeheg word.
5. 'n Aanduiding van alle bronne, bv. boeke, tydskrifte en ander materiaal wat geraadpleeg is voor die uitvoering van die taak, moet weergegee word.
6. Geheelindruk

VOORBEELD VAN 'N PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (Vir die leerder)

Jy is verantwoordelik om in die voerkraal te werk vanaf _____ tot

_____.

Jy is verantwoordelik vir TWEE praktiese sessies per kwartaal in die voerkraal. Hierdie take moet aan die einde van die derde kwartaal voltooi wees.

Die volgende twee aspekte sal geassesseer word:

1. Bestuursaspekte (daaglikse praktiese aktiwiteite) insluitende beplanning, leierskap, koördinerings, uitvoering, organisering en beheer. In 'n voerkraal kan die volgende aktiwiteite of kombinasies van aktiwiteite uitgevoer word:

Vervoer van diere
Meng van voere
Klassifisering van diere
Hantering van diere
Voeding en versorging van diere
Rekordhouding
Skoonmaak van die voerkraal (biosekuriteit)

Hierdie aktiwiteite sal verantwoordelikheid, inisiatief, deursettingsvermoë, kwaliteit van dienslewering, ens. (die sg. **affektiewe domein**) assesseer soos deur Bloom uiteengesit.

2. Praktiese aktiwiteite soos:

- Onthooring
- Immunisering
- Die toedien van groeihormone
- Brandmerk en identifikasie van vee
- Beheer van uitwendige parasiete
- Beheer van inwendige parasiete

Bespreek ook die **psigomotoriese (vaardighede)** en **kognitiewe (kennis)** domein. Die praktiese aktiwiteite help met die ontwikkeling van die verlangde vaardighede.

1. Bestuursaspekte (daaglikse praktiese aktiwiteite) kan soos volg geassesseer word:

Kriteria/Vereiste	0	1	2
Verantwoordelikheid (Leierskap)	Volg geskrewe of verbale instruksies met baie hulp. Wys min aanvoeling vir veiligheidsprosedures, selfs onder instruksie. Toon effense verantwoordelikheid teenoor werk.	Volg geskrewe of verbale instruksies met beperkte hulp. Bewus van die nodigheid van veiligheidsprosedures maar sukkel om dit te identifiseer sonder leiding. Toon verantwoordelikheid teenoor die werk.	Volg geskrewe of verbale instruksies sonder hulp. Volg behoorlike veiligheidsprosedures. Aanvaar verantwoordelikheid maklik en neem leiding tydens groepwerk.
Inisiatief (Beplanning)	Onseker hoe om voort te gaan. Benodig heelwat ondersteuning. Herken slegs opvallendste foute in eksperimentele metodiek na heelwat begeleiding.	Bied oplossings of verduidelikings vir onverwagse probleme met begeleiding. Herken foute in eksperimentele metodiek met begeleiding.	Bied oplossings of verduidelikings vir onverwagse probleme. Vermoë om probleme te eien en te antisipeer en op te los sonder hulp. Kan foute uitwys in eksperimentele metodiek en resultate.
Tegniek (uitvoering en organisering)	Onhandig en lomp met die gebruik van gereedskap en aparate. Kan moeilik praktiese prosedures uitvoer.	Hanteer gereedskap en apparaat effektief. Toereikende uitvoering van praktiese prosedures.	Metodiese en sistematiese benadering tot take. Hanteer gereedskap en apparaat bedrewe en met selfvertroue. Vaardige uitvoering van praktiese prosedure.
Uithouvermoë (leierskap en motivering)	Praktiese take en geskrewe werk onvolledig. Ietwat ongeïnteresseerd in en ongeduldig met die uitvoering van take. Geneig om nie prosedures te herhaal nie.	Vereiste praktiese take en geskrewe werk voltooid met aanmoediging.	Vereiste take en geskrewe werk voltooi. Positiewe gesindheid, goed gemotiveerd. Gewillig om herhalende prosedures uit te voer.
Kwaliteit (Evaluering, beheer en koördinerings)	Praktiese take Afgejaag, oppervlakkig met min aandag aan die voltooide produk. Geskrewe werk onakkuraat en swak aangebied.	Deeglike praktiese werk met 'n bevredigende tot goeie resultaat. Geskrewe werk meestal akkuraat en duidelik aangebied.	Deeglike praktiese werk. Toon bewys van aandag aan detail om 'n baie goeie eindresultaat te verkry. Geskrewe werk akkuraat, netjies en duidelik aangebied.

2. **Praktiese take kan geassesseer word deur die rubriek te gebruik soos voorgestel vir Bestuursaspekte (sien bogenoemde), soos uiteengesit in Voorbeeld A of enige toepaslike rubriek wat die vereiste uitkomst of vaardighede assesseer (Voorbeeld B).**

Voorbeeld A

PRAKTIES 1: IDENTIFISEER DIE VERSKILLENDE HORIZONTE IN 'n GRONDMONSTER

1. Neem 'n graaf en identifiseer 'n area van ongeveer 2 m².
2. Spit 'n vertikale gat van ongeveer 1 m diep.
3. Alle los grond en klippe moet verwyder word sodat die lae van die grondhorison maklik uitgeken kan word.
4. Identifiseer die verskille in lae aan die hand van die volgende:
 - i Kleur
 - ii Rotsgedeeltes
 - iii Humus (Organiese materiaal)
5. Maak 'n benoemde skets van die grondprofiel.

ASSESSERINGSKRITERIA VIR GRONDPROFIEL

Verantwoordelikheid:

- Volg instruksies
- Bewus van veiligheidsprosedures
- Korrekte gebruik en hantering van implemente
- Implemente skoongemaak en gebêre na gebruik

Inisiatief:

- Identifisering van waar gat gegrawe moes word
- Identifisering van lae met behulp van spesifieke kleur, rots- en humusinhoud
- Oplossings vir moontlike probleme, bv. om grond die vorige dag nat te maak om grawe te vergemaklik.

Tegniek:

- Gebruik van gereedskap

Uithouvermoë:

- Voltooiing van take

Kwaliteit:

- Netjiese vertikale profiel tot op verlangde diepte
- Netjiese aanbieding van skets van profielgat
- Profielskets verteenwoordigend van ware profiel

Hierdie is 'n toepaslike taak om **verantwoordelikheid**, **inisiatief** en **kwaliteit** te assesseer.

PRAKTIES 2: UITPLANT VAN SAAILINGE

Instruksies:

1. Berei grond voor vir plant van saailinge.
2. Kies die sterkste saailinge beskikbaar.
3. Met 'n handgrafie, verwyder die saailinge uit saailaie.
4. Skei die saailinge sonder om die wortels te beskadig.
5. Maak 'n gaatjie en plaas die saailing versigtig daarin. Maak seker dat al die wortels nie verdraai is nie en in die grond is.
6. Vul die res van die gat en druk die grond rondom vas.
7. Meet die korrekte afstand vir die volgende saailing en herhaal die proses.
8. Wanneer al die plantjies geplant is, gee die area water en merk jou toegewese praktiese gedeelte.

ASSESSERINGSKRITERIA VIR DIE UITPLANT VAN SAAILINGE**Verantwoordelikheid**

- Voer taak uit sonder hulp
- Korrekte grondvoorbereiding

Inisiatief:

- Spasieer plante korrek
- Seleksie van korrekte gereedskap

Tegniek

- Maak saailinggate korrek
- Plaas saailing op korrekte diepte
- Vul saailinggatjies korrek
- Gee saailinge water op die korrekte manier

Uithouvermoë

- Voltooi die uitplanting van al die vereiste saailinge
- Volg korrekte prosedure gedurende die taak

Kwaliteit:

- Voorkoms van afgehandelde taak
- Netheid van plantwerk
- Rye in reguit lyne
- Area gemerk

Hierdie taak is geskik om **tegniek**, **deursettingsvermoë** en **kwaliteit** te assesser.

ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR ONTHOORNING EN WARM BRANDMERK VAN VOERKRAALBEESTE

				Moontlike punt	Punt verwerf	Naam en handtekening van Assessor Datum
1. Hantering van diere				2		
2		0 - 1				
Korrekte hantering met geen geraas nie		Verkeerde hantering met geraas				
2. Onthooring van diere				9		
7-9	5-6	3-4	1 - 2			
Korrekte knip van horingknoppe, korrekte temperatuur, onthoorningsbout op die horingknop geplaas vir 3 sekondes, beskermende oplossing aangewend diere met sorg gehanteer en voel veilig.	Korrekte knip van horingknoppe, korrekte temperatuur, onthoorningsbout op die horingknop geplaas vir minder as 3 sekondes, diere met sorg gehanteer.	Korrekte knip van horingknoppe, korrekte temperatuur, onthoorningsbout op die horingknop geplaas vir minder as 3 sekondes, diere nie met sorg gehanteer nie en is onveilig.	Verkeerde knip van horingknoppe, korrekte temperatuur, onthoorningsbout op die horingknop geplaas vir minder as 3 sekondes, diere nie met sorg gehanteer nie en is onveilig.			
3. Brandmerk van diere				9		
7-9	5-6	3-4	1 - 2			
Korrekte temperatuur van brandyster, tydsduur van kontak nie te lank nie, brand in regte formaat met korrekte spasiëring. Korrekte versorging na brand	Korrekte temperatuur van brandyster, tydsduur van kontak redelik lank, brand in regte formaat met korrekte spasiëring. Korrekte versorging na brand.	Korrekte temperatuur van brandyster, tydsduur van kontak redelik lank, brand in foutiewe formaat of foutiewe spasiëring. Min of geen nasorg na brand nie.	Verkeerde temperatuur van brandyster, kontak te lank, brand in foutiewe formaat of foutiewe spasiëring. Geen nasorg na brand nie.			
Totaal				20		
Verwerk na						

ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR IMMUNISERING EN INPLANT VAN GROEI-
HORMONE IN VOERKRAALBEEESTE

				Moontlike Punt	Punt verwerf	Naam en handtekening van Assessor Datum
1. Hantering van diere				2		
2		0 - 1				
Korrekte hantering en geen geraas nie		Verkeerde hantering met geraas				
2. Immunisering van voerkraaldiere				9		
7-9	5-6	3-4	1 - 2			
Korrekte identifisering van die siekte en toepassing van die korrekte immunisasie-program. Die regte dosis word ingespuut in die korrekte aar en gebruik die regte inspuitmetode.	Korrekte identifisering van die siekte en toepassing van die korrekte immunisasie-program. Die regte dosis word ingespuut in die korrekte aar maar verkeerde inspuitmetode.	Korrekte identifisering van die siekte en toepassing van die korrekte immunisasie program. Die regte dosis word ingespuut in die verkeerde aar deur verkeerde inspuitmetode te gebruik.	Kan nie die siekte korrek identifiseer nie. Kan nie die korrekte dosis in die korrekte aar inspuut nie.			
3. Inplant van groeihormone in voerkraaldiere				9		
7-9	5-6	3-4	1 - 2			
Korrekte voorbereiding van toerusting, sien toe dat apparaat steriel en skoon is. Dier korrek voorberei vir inplant van hormone. Korrekte inplant -metode gevolg. Diere nie blootgestel aan stres en onnodige besering nie.	Korrekte voorbereiding van toerusting, sien toe dat apparaat steriel en skoon is. Dier korrek voorberei vir inplant van hormone. Verkeerde inplantmetode gevolg. Diere nie blootgestel aan stres en onnodige besering nie.	Korrekte voorbereiding van toerusting, sien toe dat apparaat steriel en skoon is. Dier korrek voorberei vir inplant van hormone. Verkeerde inplantmetode gevolg. Diere blootgestel aan stres en onnodige besering.	Verkeerde voorbereiding van toerusting, apparaat nie steriel en skoon nie. Dier nie korrek voorberei vir inplant van hormone nie. Verkeerde inplantmetode gevolg. Diere blootgestel aan stres en onnodige besering.			
Totaal				20		
Verwerk na						